

# Die Armblanke-vraagstuk in Port Elizabeth, 1916-1934: 'n Verkennende Studie\*

H.O. Terblanche

Universiteit Van Port Elizabeth

## Inleiding

Daar is nog relatief min navorsing ten opsigte van die Afrikaner se geskiedenis in Port Elizabeth gedoen. Trouens, oor Port Elizabeth as stad is daar weinig historiese werke van belang. Gary Baines, 'n historikus van Rhodes-Universiteit wat hom op hierdie historio-grafiese terrein begewe het, het in 1987 verklaar: "Port Elizabeth local history is a relatively neglected area in South African historiography."<sup>1</sup> In 1991 het hy daarop voortgebou: "Given the relatively small number of scholars working on aspects of the history of Port Elizabeth, the output still lags behind other centres ... It is my considered opinion that Port Elizabeth in particular, and the Eastern Cape at large, has not attained its rightful place in our history ...".<sup>2</sup>

Slegs twee algemene geskiedeniswerke van Port Elizabeth het tot dusver verskyn, naamlik J.J. Redgrave se *Port Elizabeth in Bygone Days* (Wynberg, 1947) en E.K. Lorimer se *Panorama of Port Elizabeth* (Kaapstad, 1971). Beide werke voldoen egter nie aan die eise van wetenskaplike geskiedskrywing nie. Boonop bevat die werke geen direkte inligting oor Afrikaners in Port Elizabeth nie.


In *Looking Back*, die joernaal van die Historical Society of Port Elizabeth wat in 1961 vir die eerste keer verskyn het, is daar weinig oor die Afrikaner te lees. Studies van 'n algemeen kulturele aard wat onderneem is, sluit die volgende in: A.J.J. Troxie: *The musical life of Port Elizabeth, 1875-1900*;<sup>3</sup> E.C. van Niekerk: *Die Geschiedenis van die Port Elizabethse Museumkompleks, 1956-1975*;<sup>4</sup> H.E. Steenkamp: 'n Volledige inventaris van pyporrels in Port Elizabeth<sup>5</sup> en R. Benadie: *The Port Elizabeth Library, 1848-1904*.<sup>6</sup> Groep- of gemeenskapstudies het gehandel oor Bethelsdorp<sup>7</sup> en die plaaslike Chinese gemeenskap.<sup>8</sup> Twee geografiese studies het verskyn oor die vestingspatrone van die verskillende bevolkingsgroepe in Port Elizabeth, naamlik J.G. Nel: *Die Geografiese impak van die Wet op Groepsgebiede en verwante wetgewing op Port Elizabeth*<sup>9</sup> en A.J. Christopher: *Race and Residence in Colonial Port Elizabeth*.<sup>10</sup>

Daar het nog nie veel publikasies oor die lewensorvaring van die Afrikaner in Port Elizabeth verskyn nie. Slegs bepaalde geïsoleerde fasette van sy verblyf is tot dusver aangeraak. F.J. Minnaar het in *Die Platlander in die Stad*<sup>11</sup> bloot sydelings na die posisie van die Afrikaner in Port Elizabeth verwys. H.G.J. Lintvelt se *Die Geschiedenis van Afrikaanse Moedertaalonderrig in Port Elizabeth, met besondere verwysing na die*

tydperk 1907-1959<sup>12</sup> het oor die onderwyssituasie gehandel. J.J. Roodt se ondersoek het gehandel oor *Die Port Elizabethse Konsentrasiekamp, 1899-1902*,<sup>13</sup> en A. Joubert s'n oor *Port Elizabeth tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*.<sup>14</sup>

Die Oosterlig het die onderwerp van enkele studies gevorm. A. Appel se ondersoek het gehandel oor *Die Oosterlig, 1937-1948: 'n Prehistoriese Studie*.<sup>15</sup> C.F.J. Muller het in sy omvattende werk oor die geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948, *Sonop in die Suide*,<sup>16</sup> 'n kort hoofstuk aan *Die Oosterlig* gewy onder die oopskrif, "Die sprong na die Baai". S. Fouché se

Uitbreidings van P.E. Munisipale gebied,  
1897-1931



Met erkenning aan dr. A. Appel, UPE.

studie het gehandel oor 'n Vergelyking tussen die menings in redaksionele hoofartikels van Die Oosterlig en die Eastern Province Herald ten opsigte van enkele sosio-politieke twispunte van 1948 tot 1961 uitgespreek,<sup>17</sup> terwyl C.J. Wilken dit gehad het oor The Eastern Province Herald and Die Oosterlig on the Coloured Community, 18 March 1938 to 26 May 1948 – a Comparative Analysis.<sup>18</sup>

Die vyf bande van die verslag van die Carnegie-kommisie van ondersoek oor die armlanke-vraagstuk in Suid-Afrika, wat in 1932 verskyn het, het enkele verwysings na die Afrikaner in Port Elizabeth gehad. Dit het ook gegeld vir S. Pauw se werk, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*. P.J. Rootman se geografiese ondersoek, *Blanke Migrasie na Port Elizabeth, 1900-1979*, is grootliks gebaseer op 'n vraelysopname van 1980.<sup>19</sup>

H.O. Terblanche het sedert 1971 wyd gepubliseer oor die geskiedenis van die Afrikaner in Port Elizabeth. Van hierdie publikasies het onder meer gehandel oor die N.G. Kerk,<sup>20</sup> mnr. B.J. Vorster,<sup>21</sup> mej. L. Meyburgh,<sup>22</sup> "Die Trek van die Afrikaner na Port Elizabeth"<sup>23</sup> en die Piet Retief-monument.<sup>24</sup> Daarbenewens het hy ook verskeie gedenkblaaie die lig laat sien.<sup>25</sup>

Daar het nog geen publikasie verskyn wat spesifiek oor die armlanke-vraagstuk in Port Elizabeth handel nie. Hierdie oorsigtelike artikel, wat bloot verkennend van aard is, wil binne die konteks van verstedeliking enkele fasette van die armlanke-vraagstuk uitlig. Daar word op die tydperk 1916-1934 gekonsentreer vanweë die abnormale en buitengewone toevloei van verarmde, landelike blankes na Port Elizabeth in daardie jare. Teen 1934 was die ergste nawee van die groot depressie van die vroeg dertigerjare grootliks iets van die verlede. Trouens, daar was selfs sprake van 'n skynbare verbetering van die ekonomiese toestand.

Die armlanke-vraagstuk in Port Elizabeth kan aan die hand van twee hoofaspekte ontleed word, naamlik die stadwaartse trek van die Afrikaner en die gepaardgaande maatskaplike probleme.

#### *Die Stadwaartse Trek van die Afrikaner*

In die verstedelikingsproses van spesifiek die Afrikaner was daar hoofsaaklik twee faktore wat in wisselwerking tot mekaar gestaan het. Enersyds was daar bepaalde omstandighede wat die Afrikaner vanaf die platteland stad toe verdryf het. Andersyds was daar weer besondere omstandighede wat die Afrikaner na die stad toe aangelok het.

#### *Plattelandse verarming*

Ekonomiese faktore het tot 'n groot mate daartoe geleid datveral Oos-Kaapse plattelandse Afrikaners spesifiek na Port Elizabeth verhuis het. Ongunstige klimaatstoestande en bepaalde natuurrampe soos verwoestende droogtes, groot oorstromings, hael, sprinkane en veesiuktes het baie van die landelike Afrikaners materieel só verarm dat hulle gedwing was om 'n heenome in die stede te soek. Faktore soos tegnologiese veranderinge en die gebrek aan grond het ook tot plattelandse verarming aanleiding gegee.

Die Kaapse Middelland is gedurende 1903 en 1904 deur 'n groot droogte geteister. Daarna het 'n groot vloed in die Gamtoosriviervallei in September 1905 gevolg. Teen November 1907 was daar weereens berigte oor 'n knellende droogte. Natuurrampe het gedurende 1915 en 1916 daartoe meegeswerk dat die proses van plattelandse verarming verder verhaas is.

Die Kaapse Middelland is in 1915 deur 'n verwoestende droogte geteister. Gedurende 1915 het 2 286 000 stuks kleinvee in die Kaapprovinsie vanweë die droogte gevrek.<sup>26</sup> Die omvang van die droogte word geïllustreer deur die volgende opgawe van die verliese van kleinvee (skape en bokke) in die Kaapprovinsie ten gevolge van die droogte gedurende 1915:

Aberdeen	–	175 807
Jansenville	–	150 570
Cradock	–	91 833
Somerset-Oos	–	72 493
Pearston	–	70 230
Willowmore	–	69 993
Steytlerville	–	64 684
Graaff-Reinet	–	59 238
Bedford	–	53 106

Vermoedelik was die verdeling van plase in onekonomiese eenhede (a.g.v. vererwing) in die hinterland van Port Elizabeth ook 'n belangrike rede vir die stadwaartse trek van Afrikaners.


Hierdie distrikte het almal deel van Port Elizabeth se hinterland uitgemaak.<sup>27</sup>

Baie boere in die Oos-Kaapse binneland is totaal of gedeeltelik vanweë die verwoestende droogte gebreek. Die droogte is deur 'n groot vloed opgevolg wat gedurende Mei 1916 dood en verwoesting in die Gamtoosriviervallei gesaai het. Honderde mense is dakloos gelaat en die verliese in kleinvee het duisende stuks beloop. Die vloed van 1916 het veel groter verwoesting veroorsaak as die van 1905.

'n Ongekende droogte het gedurende 1919 en 1920 groot ellende veroorsaak en tot verdere landelike armoede bygedra. Ongeveer 100 250 grootvee en 3 431 300 kleinvee het vanweë die droogte in die Kaapprovinsie gevrek. Teen 1920 was dit duidelik dat daar 'n proses van opdroging in die Kaapese Middelland en Karoo aan die gang was.

Die Kaapese Middelland is gedurende 1926 en 1927 weereens deur 'n besonder kwaai droogte geteister. Honderde blankes in Port Elizabeth se geografiese hinterland het hongersnood in die gesig gestaar. Gedurende die tydperk September 1926 tot Augustus 1927 het die Kaapprovinsie 3 203 814 skape en 279 265 beeste vanweë die droogte verloor.<sup>28</sup> 'n Groot vloed het in Maart 1928 verdere dood en verwoesting gesaai.

## Huisie van Louise Meyburgh



*Huisie van Louisa Meyburgh in Noordeinde, Port Elizabeth. Sy het die verarmde Afrikanergesinne oor dekades op geestelike en maatskaplike gebied bygestaan.*

Die drukkende jare van landwye ekonomiese depressie (1929-1933) het die verarming in die platteland tot 'n toppunt van ellende gebring. Die jaar 1932 is met 'n verwoestende vloed ingelui wat groot skade in die Sondagsrivier vallei en in die Gamtoosriviervallei aangerig het.<sup>30</sup> Die ontsettende droogte van 1932-1933 het ramspoedige afmetings aangeneem. Dit was asof die boere lamgeslaan was.<sup>31</sup> 'n Groot sprinkaanplaag in Januarie 1935 het ontsettende skade aangerig en verder bygedra tot die verarming van dele van die Oos-Kaapse platteland.

### Industrialisasie

Die feit dat Port Elizabeth 'n belangrike handels- en nywerheidsonderneemersentrum was, was 'n faktor van besondere betekenis wat die stadwaartse trek van die Afrikaner betrek. Port Elizabeth se fabrieke het aan talle verarmde Afrikanergesinne, afkomstig van die platteland, 'n heenkome gebied.

Die omvang van Port Elizabeth se nywerheidsgroei gedurende die jare 1916-1937 word deur die onderstaande tabel getoon:<sup>32</sup>

Jaar	Onder-nemings (Getal)	Getal werkers			
		Blanke mans	Blanke vroue	Nie-blanke mans	Nie-blanke vroue
1916-17	182	1 654	516	1 928	102
1919-20	202	2 150	672	3 325	368
1923-24	229	2 494	759	3 838	504
1928-29	217	4 019	1 577	4 935	250
1932-33	211	3 507	2 077	3 460	185
1936-37	292	6 661	3 120	6 256	435

Die 182 nywerheidsonderneemers in Port Elizabeth het teen 1916-1917 slegs 3,4% van dié van die Unie van Suid-Afrika gevorm, terwyl die 4 200 fabriekswerkers in die stad maar net 3,4% van die Suid-Afrikaanse fabriekswerkerskorps gevorm het. Die 292 nywerheidson-


dernemings in Port Elizabeth het teen 1936-1937 slegs 2,9% van dié van die Unie gevorm, terwyl die 16 472 fabriekswerkers in die stad maar net 4,9% van die Suid-Afrikaanse fabriekswerkerskorps gevorm het.

Opvallend was die hoë persentasie blanke-arbeid in Port Elizabeth se fabrieke, en veral die groot getal blanke vroulike werkers. Trouens, van die vier belangrikste industriële streke van Suid-Afrika, het Port Elizabeth gedurende die tydperk onder bespreking die hoogste persentasie blanke-arbeid gehad, soos deur die onderstaande tabel getoon:<sup>33</sup>

PERSENTASIE BLANKE-ARBEID IN INDUSTRIEË					
Jaar	Unie	Wes-Kaap	P.E.	Durban	Suid-Tvl.
1916-17	37%	43%	53%	34%	41%
1919-20	36%	36%	43%	27%	42%
1923-24	36%	37%	43%	32%	38%
1928-29	37%	38%	52%	31%	39%
1932-33	45%	48%	61%	40%	46%
1936-37	42%	45%	59%	36%	42%

Port Elizabeth was een van die belangrikste sentrus in die leerbedryf in die Unie. Die stad het dan ook algemeen bekend gestaan as die "Northampton of South Africa".<sup>34</sup> Teen 1919-1920 was daar reeds 25 leer en leerware industriële ondernemings (skoene, saals en tuie, leerlooierye) in Port Elizabeth gevestig. Van hierdie totaal was 19 skoenfabrieke. Altesaam 350 blanke vrouwe was toe werkzaam by die leer en leerware nywer-

#### Kerkgebou van die N.G. Moedergemeente in Noordeinde, Port Elizabeth



Kerkgebou van die N.G. Moedergemeente in Noordeinde, Port Elizabeth. Die N.G. Kerk het 'n belangrike opheffingsrol onder die armlankes gespeel.

hede; dit wil sê, meer as die helfte van die blanke vroulike fabriekswerkerskorps in die stad.<sup>35</sup> Die oorgrote meerderheid van die werknemers wat deur die plaaslike skoennyywerheid in diens geneem is, was blankes.<sup>36</sup>

Vanweë die oprigting van motor-monteerfabrieke in Port Elizabeth (Ford in 1923 en General Motors in 1926), is daar in die laat twintigerjare ook na dié fabriekstad verwys as die "Detroit of South Africa". In 1925 is gemeld dat in die Ford fabriek "the labour is exclusively European".<sup>37</sup> General Motors het in 1926 beklemtoon dat "all the labour being 100 per cent white." Teen September 1928 was meer as 700 blanke Suid-Afrikaners by General Motors in diens geneem. In daardie stadium was dié motorfabriek "the largest employer of all white labour in the Union". In Mei 1929 was daar meer as 900 blanke werknemers.<sup>38</sup>

Kinderarbeid het oor 'n wye front in Port Elizabeth voorgekom. In 1917 is gerapporteer dat die meeste Afrikanerkinders verplig was om die dag waarop hulle 14 jaar oud geword het of st. IV geslaag het, die skool te verlaat om te gaan werk ten einde die gesin te help onderhou.<sup>39</sup> Benewens die kinders wat die skool vroeg moes verlaat, het talle Afrikaanssprekende leerlinge ook voor en na skoolure in die plaaslike fabrieke gewerk. Baie gesinne was van hierdie inkomste afhanklik.

Die grootste beroepsgroep onder Afrikaners in die stede was die van ongeskoole arbeiders. Port Elizabeth was by uitstek 'n fabriekstad – veral wat betref die sekondêre nywerhede. Daarom is die hoogste persentasie mindergeskoolde blanke werkers van al die stede in hierdie stad aangetref.<sup>40</sup>


Die verarmde landelike blankes wat die stad binnegetrek het en oor geen opleiding beskik het nie, en wat as fabriekswerkers in diens geneem is, het oor die algemeen goed aangepas en 'n nuttige bydrae gelewer tot die industriële groei in Port Elizabeth.<sup>41</sup>

Mnr. J. Neil Boss, besturende direkteur van 'n plaaslike skoenfabriek, het in 1934 verklaar dat die armlankes 'n trotse staanplek in die nywerheidslewe van Port Elizabeth verwerf het: "... the majority of boys and girls seeking employment have readily shown a capacity to rise to considerable position in the shoe industry. I have known cases where exceptional merit has been displayed, and been rewarded ...".<sup>42</sup>

#### Omvang en tempo van trek

Bevolkingsverskuiwings van die platteland na die stede het die voorkoms van die land ingrypend verander. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van hoe die opkoms van die stede die demografiese opset van Suid-Afrika verander het:<sup>43</sup>

## Die Kaap-Middellandse spoorlyn



Die Kaap-Middellandse spoorlyn in die vroeg twintigste eeu  
(Jose Burman; Early railways at the Cape (Cape Town, 1984)).

### PERSENTASIEVERDELING VAN DIE BLANKE STEDELIKE EN PLATTELANDSE BEVOLKING IN SUID-AFRIKA VIR DIE TYDPERK 1891 TOT 1936

Jaar	Stedelik	Platteland
1891	35,02	64,98
1904	52,91	47,09
1911	51,70	48,30
1918	53,94	46,06
1921	55,78	44,22
1926	58,18	41,82
1931	61,25	38,75
1936	65,24	34,76

Wat verstedeliking betref, het die stad sy blanke bevolking uit die geledere van die Afrikaners getrek, wat veral gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu na die stede verhuis het. Die tempo van die stadwaartse trek van die plattelandse Afrikaners word weerspieël in die volgende getalle: Aan die begin van die 20ste eeu was daar nog 10 000 Afrikaners (of 10%) in die stede nie; 90% van hulle was dus nog plattelanders. In 1911 was daar 200 000 Afrikaners (29%) in die stedelike gebiede, in 1926 391 000 (41%) en in 1936 535 000 (50%).<sup>44</sup>

Die Afrikanerbevolking van Port Elizabeth het buitengewoon snel aangewas. Die blanke bevolking van Port Elizabeth het tussen 1911 en 1921 met 31,2% vermeerder. Daarteenoor het die getal Afrikaanssprekendes in dié hawestad tussen 1911 en 1921 met 221% toegeneem.

In die sensusperiode 1921 tot 1926 was Port Elizabeth se groeitempo die hoogste in die land. Volgens Pauw kon hierdie vinnige groei veral aan nywerheidsontwikkeling toegeskryf word. Die gemiddelde jaarlike persentasie-toename van Port Elizabeth se blanke bevolking was ook in die sensusperiode 1926 tot 1931 die hoogste in die land.<sup>45</sup> Dit is belangrik om daarop te wys dat die trek na die stede was in die eerste plaas “n trek van die Afrikaanssprekende”, aldus C.G.W. Schumann.<sup>46</sup>

Die omvang van die stadwaartse trek van die Afrikaner na Port Elizabeth word deur die volgende statistiek geïllustreer. Terwyl die blanke bevolking van Port Elizabeth in 25 jaar se tyd (1911-1936) minder as drie maal toegeneem het, het die getal Afrikaanssprekendes in dieselfde tydperk tienmaal vermeerder.

Port Elizabeth se blanke bevolking het van 23 892 in 1904 tot 56 265 in 1936 toegeneem – dit wil sê, met 135,5% vermeerder. Wat die toename in die getal Afrikaners betref, sien die prentjie heel anders daaruit. Die getal Afrikaners in die stedelike gebiede in die land het tussen 1904 en 1936 verviervoudig, dit wil sê, met 300% toegeneem.<sup>47</sup> Daarenteen het die getal Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth van 1 200 in 1904 tot 20 500 in 1936 toegeneem – dit wil sê, met 1608,3% vermeerder. Hierdie 1608,3% spreek boekdele vir die buitengewoon snelle aanwas van Afrikaners. Dit is te betwyfel of 'n ander stad in die land tussen 1904 en 1936 na verhouding so 'n snelle aanwas van Afrikaners gehad het.<sup>48</sup>

In die volgende tabel word die toename in die getal Afrikaanssprekendes in die magistraatsdistrik van Port Elizabeth aangetoon:

### TOENAME IN DIE GETAL AFRIKAANSSPREKENDES IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK VAN PORT ELIZABETH

Jaar	Totale Blanke Bevolking	Afrikaanssprekendes	% van Blankes
1904	23 892	1 200	5,0%
1911	20 755	1 900	9,2%
1918	24 445	4 900	20,0%
1921	27 236	6 100	22,4%
1926	34 994	9 600	27,4%
1931	46 916	13 500	28,8%
1936	56 265	20 500	36,4%

Die Oos-Kaap kan aanvaar word as die belangrikste area van blanke migrasie na Port Elizabeth. Die blanke migrante na Port Elizabeth was veral uit die volgende distrikte afkomstig: Uitenhage, Somerset-Oos, Jansenville, Humansdorp, Alexandria, Pearston, Cradock, Graaff-Reinet, Aberdeen, Steytlerville, Uniondale, Oudtshoorn, Willowmore, Kareedouw, Middelburg (K.P.) en Adelaide.<sup>49</sup>

### Maatskaplike Probleme

Die maatskaplike probleme rondom die verstedeliking van die Afrikaner dek 'n wye terrein. In hierdie afdeling word veral aandag gegee aan die ellende van werkloosheid, swak woonomstandighede en armoede.

## Werkloosheid

Die abnormale toevloei van groot getalle verarmde, landelike blankes na Port Elizabeth, veral sedert die groot droogte van 1915, het groot eise gestel aan die stad se vermoë om hulle te akkommodeer; veral wat indien-sneming in plaaslike fabrieke betref. Teen November 1920 was daar reeds tussen 300 en 400 blanke werkloses in die stad, veral vanweë die heersende swak ekonomiese toestande. Ongeveer 80 persent van die blanke werkloses was ongeskoolde arbeiders, hoofsaaklik van die plattelandse distrikte afkomstig.

Die blanke werkloses het in September 1921 georganiseerd begin optree ten einde hul posisie te verbeter. Vergaderings is gehou en daar is betekenisvol bygevoeg dat "the proceedings were mainly conducted in Dutch".<sup>50</sup> Munisipale onderstandswerke is sedert Oktober 1921 onderneem. Die plaaslike stadsraad het ook plattelanders versoek om nie na Port Elizabeth te kom op soek na werk nie. Die groot getalle ongeskoolde arbeiders het bygedra tot die toename in werkloosheid. Teen Oktober 1922 is bereken dat daar tussen 400 en 500 werkloses in Port Elizabeth was.<sup>51</sup>

Die werkloosheidsvraagstuk in Port Elizabeth was egter nie so erg as in ander stedelike sentra nie. Teen die middel van 1926 was die getal blanke werkloses in die groter stede as volg: Witwatersrand – 6 844, Kaapstad – 1 941, Durban – 1 413, Pretoria – 961 en Port Elizabeth – 531.<sup>52</sup> Die voortdurende toestroming van landelike verarmdes na Port Elizabeth het groot maatskaplike eise aan die gemeenskap gestel. Teen Julie 1925 het 1 000 persone in Port Elizabeth op 'n weeklikse basis


rantsoene ontvang: "The heaviest draw upon the ration system is by the poor white ...".<sup>53</sup>

Genl. J.B.M. Hertzog se Paktregering se beleid van "beskaafde arbeid" het tot gevolg gehad dat staatsdepartemente, die spoorweë en hawens ná 1924 in toenemende mate ongeskoolde blanke arbeiders in diens geneem het. Sy beleid het gevvolglik aan baie armlankes in Port Elizabeth 'n bestaan verskaf. Die fabrieke in Port Elizabeth het egter reeds jare voor 1924 voorkeur gegee aan blanke-arbeid.

Die groot depressie van 1929 tot 1933 het Port Elizabeth op maatskaplike en ekonomiese gebied erg geknou. In Augustus 1930 is "The Mayor's Emergency Fund" in die lewe geroep om geld in te samel en werkloses se nood te verlig. Die fonds het alleenlik persone gehelp wat voor die depressiejare 'n vaste werk beklee het en wat ten minste twee jaar in Port Elizabeth woonagtig was. Honderde verarmde werkloses het dus nie vir hulp gekwalificeer nie. Port Elizabeth was die eerste stad om só 'n fonds in die lewe te roep.<sup>54</sup> 'n "Work-ticket system" is ook ingestel, ingevolge waarvan werklose blankes van werk voorsien is. Drie sopkombuise is bedryf; onder-skeidelik in Suideinde, Noordeinde en Korsten. Honderde blanke gesinne is ook deur bemiddeling van die fonds gevoed.

Die "Mayor's Emergency Fund" het in Januarie 1933 gesluit. Die totale bedrag wat met die fonds in kontant, skenkings of voorrade ingesamel is, was ongeveer £33 238. Die volgende uitgawes is deur die fonds aangegaan: koste van die drie sopkombuise, £2 250; huur-geld van hulpbehoewendes betaal, £3 591; vleis aangekoop,

Port Elizabeth: Noordelike stadsgebiede



Port Elizabeth: Noordelike stadsgebiede (Met erkenning aan die Instituut vir Beplanningsnavorsing, UPE)

£1 000; "work tickets", £11 028; kruideniersware aangekoop, £3 403.<sup>55</sup>

Werkloosheid het gedurende die depressiejare groot afmetings in Port Elizabeth aangeneem; onder meer vanweë die voortdurende instroming van armlankes van die omliggende distrikte. Die werklose blankes het gedurende 1931 en 1932 deur openbare optredes die kollig op hul benarde posisie laat val. Talle opelegvergaderings is gehou, veral op markplein; daar was vreedsame betogings en 'n protesoptog in die stad. Afvaardigings het by 'n hele paar geleenthede met die burgemeester en stadsraad gesprek gevoer en versoekskrifte is ook onderteken. Die blanke werkloses se posisie was waarlik desperaat.

Teen Oktober 1931 was daar tussen 800 en 1 000 blankes werkloos in die stad. Die getal armlankes in Port Elizabeth in 1932 kon op minstens 4 000 geraam word; veral met insluiting van die afhanklikes. Volgens raadslid J.S. Young was 61% van die blanke werkloses in die stad Afrikaanssprekend.<sup>56</sup> Teen Junie 1932 was daar ongeveer 2 000 werklose blankes in die stad. Dié getal het nie die afhanklikes ingesluit nie.<sup>57</sup> Met die afhanklikes bygereken, was daar teen Junie 1932 minstens 8 000 hulpbehoewende blankes in Port Elizabeth.

Munisipale onderstandswerke het tussen 1931 en 1935 aan baie honderde blankes teen 6s. per dag werk verskaf. Teen 1932 het die stadsraad en die belastingbetalers van Port Elizabeth toenemend gevoel dat die werkloosheidsvraagstuk eintlik 'n nasionale saak was en nie 'n plaaslike een nie. Daar is geoordel dat die plaaslike owerhede méér as hul deel gedoen het om die blanke werkloses in die stad se nood te verlig, en dat die staat finansiell moes ingryp; "either that, or they are prepared to stand aside and watch men, women and children starving in their sight."<sup>58</sup>

In die twintiger-en dertigerjare is uitgebreide hawewerke in Port Elizabeth onderneem (bouwerk aan die breekwater, die Charl Malan-kaai en die Nommer 2-kaai). Die nuwe hawewerke het aan honderde blankes werk verskaf. Dit sou beslis daartoe meewerk om die werkloosheidsvraagstuk in Port Elizabeth te verlig.<sup>59</sup>

#### *Swak woonomstandighede*

Soos wat die geval was in Kaapstad en Johannesburg, het ook die verarmde plattelandse gesinne in Port Elizabeth hul intrek in ongunstige, digbewoonde woonbuurtes geneem, waar hulle in agterbuurttoestande gelewe het; veral om naby die nywerhede en fabrieke te wees. Die verarmde Afrikaners het hulle veral in die ouer, gevvestigde woonbuurtes van Port Elizabeth gevestig, soos Noordeinde, Sentral en Suideinde, sowel as in die noordelike stadsdele soos Sidwell, Korsten en Sydenham.

In hierdie woonbuurtes het blank en nie-blank deurmekaar gebly. Opvallend was dus die gemengde karakter van die buurtes wat die etniese samestelling daarvan betref, soos aangetoon deur die volgende tabel:<sup>60</sup>

BEVOLKING VAN PORT ELIZABETH, 1911				
Gebied	Blank	Swart	Kleurling	Totaal
Suideinde	3 654	440	4 162	8 256
Sentral	8 922	700	3 194	12 816
Noordeinde	5 653	524	3 439	9 616
Korsten	510	2 3524	1 660	4 522

Noordeinde en Suideinde was deel van die stad se historiese kern. Dié twee woonbuurte was klassieke gevalle van residensiële integrasie, soos 'n woningsensus van 1921 duidelik toon:<sup>61</sup>

WONINGSENSUS VAN 1921 VIR NOORD- EN SUIDEINDE			
Bevolkingsgroep	Noordeinde	Suideinde	Totaal
Blanke	5 308	3 329	8 637
Armlankes	1 083	911	1 994
Kleurlinge	2 404	3 329	5 733
Indiërs	267	751	1 018
Chinese	82	95	177
Swartes	283	148	431
Totaal	9 427	8 563	17 990

Vanweë die volslae armoede en die woningnood het die getal Afrikanergesinne in die N.G. gemeente Port Elizabeth wat gedwing was om hul intrek in kamers of agterphase te neem, steeds toegeneem. Teenoor die 45 sodanige gesinne in 1918, was daar 135 gesinne in 1921, 150 in 1922 en 226 gesinne in 1923. Hierdie gesinne het in die allertreurigste omstandighede verkeer.<sup>62</sup>

Volgens die stadsgenesheer, dr. F.H. Scroggie, was daar teen 1921 altesaam 1 666 huise in Noordeinde. Van hierdie getal was 336 huise of ongeveer een-vyfde, oorbewoon gedurende die nag. In 229 gevalle het twee gesinne in een huis gewoon en in 47 gevalle het drie gesinne een huis bewoon. In 224 van die huise het manlike en vroulike ongetrouwe persone ouer as 12 jaar in dieselfde kamer geslaap.<sup>63</sup>

Mnr. S.H. Kemp, die hoof sanitêre inspekteur van Port Elizabeth, het in 1925 daarop gewys dat altesaam 438 huise in Noordeinde en in Suideinde aan twee gesinne huisvesting verskaf het, terwyl drie of meer gesinne in 94 huise gewoon het. Onderskeidelik 20,1% en 15,2% van die huise in Noordeinde en in Suideinde was oorbewoon.<sup>64</sup>

Volgens amptelike sensusverslae ten opsigte van die eienaarskap van huise deur blankes in Port Elizabeth bewoon, was daar in 1918 slegs 21,1% van die huise wat deur die bewoner besit is. In 1921 was 29% van die huise deur die bewoner besit. Port Elizabeth was toe die enigste stedelike gebied in die Unie waar minder as 30% van die huise deur die bewoner besit is.<sup>65</sup> Teen 1936 het slegs 20% van die blankes in Port Elizabeth hul eie huise besit; dit was die laagste persentasie van ses stede in die Unie.<sup>66</sup>

Teen Maart 1928 was daar 34 huise vir blankes in Port Elizabeth nie geskik vir menslike bewoning nie. Altesaam 298 blanke bewoners was daardeur geraak.<sup>67</sup> Teen 1930 was daar 96 blanke gesinne in Noordeinde, Sentral en Suideinde wat in huise gewoon het wat ongeskik

vir menslike bewoning was. Altesaam 420 blanke persone was daardeur geraak.<sup>68</sup>

Die huisvesting van die honderde blanke, vroulike fabriekswerksters in Port Elizabeth het dikwels veel te wense oorgelaat. 'n Groot persentasie van dié werksters was Afrikaanssprekende meisies afkomstig van die platteland. Die *North End Girls' Club* het in 1923 tot stand gekom om in die sosiale behoeftes van dié werksters te voorsien. Dié klub was "the first example in South Africa of a group welfare scheme". 'n Tehuis wat in Januarie 1928 in gebruik geneem is, kon 100 meisies akkommodeer. In 1929 is besluit dat hierdie klub voorstaan as die Athlone Club bekend sou staan.<sup>69</sup>

Die behuisingswet van 1920 het dit vir plaaslike owerhede moontlik gemaak om lenings van staatsweë te bekom ten einde subekonomiese behuisingskemas aan te pak. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die blanke skemas wat tussen 1920 en 1937 ten opsigte van Port Elizabeth goedgekeur is:<sup>70</sup>

GOEDGEKEURDE BLANKE BEHUISINGSKEMAS IN PORT ELIZABETH, 1920-1937		
Skema	Goedgekeur	Getal huise
Lake View (Kensington)	Desember 1920	100
Eastbourne - en Clevedonweg	Februarie 1924	43
Kentweg	Julie 1926	30
Valleyweg	November 1927	17
Kensington en Dowerville -	September 1928	100
1ste Deel	Junie 1929	65
2de Deel	Julie 1929	36
3de Deel	Mei 1930	8
4de Deel	Oktober 1930	136
5de Deel	Junie 1930	128
Suideinde: Forest Hill Kensington	Augustus 1937	100

Die meeste subekonomiese huise vir blankes landwyd, in die tydperk 1920 tot 1937, is in Port Elizabeth gebou, naamlik 763. Daarna het Durban en Kaapstad gevvolg met onderskeidelik 429 en 284 huise. Hierdie subekonomiese behuisingskemas vir blankes het egter nie in die behoefte van die ongeskoolde loonarbeider voorsien nie. Die ongeskoolde blanke se karige loon was nie voldoende om die huurgeld van 15s. per week en meer te betaal nie. Die woonomstandighede van die armste blankes het dus verder verswak.<sup>71</sup>

#### Armoede

Die gemeenskapsarmoede waarin die Afrikaner vasgevang was, het beslis implikasies op onderwysgebied gehad. Omdat die ouers van hierdie kinders nie skoolgeld kon bekostig nie, is twee skole waar gratis onderrig verskaf is, in 1911 in Port Elizabeth gestig. Dit was Adderley Street, die latere Mackay, in Noordeinde en dan Queen Street, die latere Paterson, in Sentraal. In 1916 het 'n derde soortgelyke skool, naamlik Cunningham, in Suideinde tot stand gekom. Hierdie skole is hoofsaaklik deur Afrikaanssprekende leerlinge bygewoon.<sup>72</sup>

'n Woordvoerder van die plaaslike skoolraad het daarop gewys dat hulle in Port Elizabeth "were receiving a larger proportion of the bywoner class than any other town in South Africa".<sup>73</sup> Baie van die armblanke kinders kon nie eens hierdie skole bywoon nie, omdat hulle nie skoene en klere gehad het om aan te trek nie.<sup>74</sup> Ds. A.C. Stegmann van die N.G. Moedergemeente het in 1917 daarop gewys dat van die 523 Afrikanerkinder in die dagskole slegs iets meer as 'n dosyn kinders in st. V en hoër was; die meeste was verplig om die skool ná st. III of st. IV te verlaat.<sup>75</sup> Vanweë die hoë klasgeld wat gehef is, het baie min Afrikanerjongmense ook die geleentheid gehad om die plaaslike Tegniese Kollege by te woon.

Daar is 'n noue verband tussen die armoede van die Afrikanergemeenskap en sy agterstand in die beroepslewe. Opvallend was die hoë persentasie Afrikanermans in Port Elizabeth wat mindergeskoolde en ongeskoolde arbeid verrig het; 'n feit wat die Afrikaner se groot agterstand teenoor sy Engelssprekende landgenoot geïllustreer het.<sup>76</sup>

Die instroming van groot getalle verarmde Afrikanergesinne na Port Elizabeth het, soos elders in die land, geleid tot die ontstaan van plakkerstoestande, veral aan die stadsperiferie. Gesondheidsprobleme was knellend en maatskaplike toestande het sorg gebaar. Talle verarmde plattelandse blanke gesinne het hulle aanvanklik in die buitestedelike gebiede van Korsten en Sidwell gevestig; gebiede wat buite die noordelike munisipale grenslyn gevall het.<sup>77</sup> Die blankes het daar gaan woon omdat hulle goedkoper daar kon bly as binne die munisipale gebied. Voor 1925 was daar boonop geen bouregulasies in Korsten van krag nie.

Korsten was eintlik een groot agterbuurt. Omdat Korsten 'n periferiegebied was, was daar géén munisipale dienste nie. Daar was geen watervoorsiening nie, geen elektrisiteit of straatbeligting nie, geen sanitêre dienste, geen riolering of vloedwaterafvoer nie. Die algemene gesondheidstoestande in Korsten was gevvolglik skokkend.<sup>78</sup> Misdaad en geweld het ook hoogty gevier.

Die bevolking van Korsten het vinnig toegeneem. Die getal blankes het volgens amptelike sensusverslae tussen 1918 en 1926 van 507 tot 1 886 vermeerder. Volgens die stadsgenesheer het Korsten se totale bevolking teen 1936 toegeneem tot 28 944. Dit het bestaan uit 5 359 Blankes, 8 164 Kleurlinge, 14 912 Swartes en 509 Indiërs.<sup>79</sup> Die vermindering van blank en nie-blank in Korsten is wyd veroordeel. Die *Eastern Province Herald* het daarop gewys dat "the worst feature is the manner in which Europeans of the poorer classes are intermingled with non-Europeans of all descriptions ...".<sup>80</sup>

Die krottoestande het uiteraard 'n nadelige uitwerking op die algemene gesondheidstoestand van die gesinne gehad. Die stadsgenesheer het byvoorbeeld in 1925 in 'n lesing die groter vatbaarheid vir siektes beklemtoon. Hy het onder meer gemeld dat "90 per cent of the diseases from which they (the children) suffer are directly caused by bad social surroundings".<sup>81</sup>

Die lewenspeil van 'n gemeenskap bepaal in 'n groot mate die kindersterfesyfer. Die karige lone wat die armlankes ontvang het, hul lae ekonomiese peil en die onhygiëniese krottoestande het tot 'n hoë kindersterfesyfer aanleiding gegee. Vir die boekjaar wat op 31 Desember 1930 geëindig het, het 88 blanke kinders jonger as een jaar in Port Elizabeth gesterf. Die kindersterfesyfer ten opsigte van die blankes was toe 103,44 per 1 000 geboortes. In Korsten was die syfer in 1931 besonder hoog, naamlik 246,57 per 1 000 geboortes.<sup>82</sup>

### Slotbeskouing

Gemeenskapsarmoede het die Afrikaner in die stad op velerlei terreine geknel en sy vooruitsigte op vordering beperk. Die stadwaartse instroming van die landelike, verarmde Afrikaner is nou verweef met die groei en ontwikkeling van die N.G. Kerk in Port Elizabeth aangesien die oorgrote meerderheid van die Afrikanergesinne wat hul toevlug na Port Elizabeth geneem het, lidmate van die N.G. Kerk was. Vanweë die groot-skaalse verskuwing van lidmate na die Baai, was die N.G. gemeentes onhanteerbaar groot. Intensiewe geestelike bearbeiding van 'n gemeente was feitlik 'n onbegonne taak. Verwaarloosing van lidmate het dus noodwendig voorgekom.

Vanweë die anonimitet van die stadslewe het die enkeling onder die menigte verdwyn. Die stedelike omgewing het, anders as wat die geval was in die platteland, grootliks onverskillig gestaan teenoor die godsdiens. 'n Verskeidenheid van gelowe, kerke en sektes het ook verwarrend op die gemoed van die stedeling ingewerk. Ker-kloosheid was derhalwe 'n realiteit en onsedelikheid het oor 'n wye front voorgekom.

Die groter en snelle beweeglikheid van lidmate het die Kerk in sy werkzaamhede verder gekniehalter. Afrikanergesinne het vanweë sosio-ekonomiese faktore baie maklik en gedurig van woon- en werkplek verander. Die wisselvalligheid van die werkkring en woonplek was deel van die stad se veranderlikheid en onsekerheid.

Op maatskaplike gebied het die Kerk en skool te kampe gehad met die gevaar van rasvermenging in die stad. Omdat alle klasse en alle ras in agterbuurtjes deurmekaar gewoon het, het die skeidslyn tussen blank en gekleur begin vervaag. Kinders van alle rasse het saam op straat gespeel. Die kleurgevoel vanveral die laagbessoldigde, ongeskoole Afrikaanssprekende loonarbeider is dus afgestomp. Die maatskaplike ellende wat teweeggebring is deur agterbuurttoestande het wyd uitgekrag.

Vanweë sosio-ekonomiese faktore het daar by tale verarmde Afrikaners 'n minderwaardigheidsgevoel posgevat. Die verleë, onopgeleide Afrikaanssprekende werknemer was letterlik in'n stryd om voortbestaan gewikkeld. Sy lewenspatroon is gekenmerk deur ekonomiese nood. Die Engelssprekende, wat op feitlik alle gebiede die bosoen in die stad gevoer het, het op maatskaplike gebied op die Afrikaner neergesien. Die Engelssprekendes het 'n meerderwaardigheidsgevoel gepro-

jekteer en soms openlik gespot met die landelike aard en geïsoleerde lewensbestaan van die Afrikaner.

Die benaming "armblanke" is met 'n mate van antagonisme op die verarmde plattelanders toegepas wat in groot getalle na die stede gestroom het. Die landelike verarmdes is dikwels in die stad as indringers en ongewenste ingesetenes beskou, veral vanweë die heersende werkloosheid in die stad; 'n feit wat ook Engelsstaliges sleg getref het. Die armlankes, wat hoofsaaklik Afrikaanssprekend was, is van meet af aan as 'n laer stand beskou. Baie Engelssprekendes het daarom 'n gevoel van miskenning en geringskatting teenoor die Afrikaner geopenbaar. Die verstedelikte Afrikaner is geassosieer met die armlankes, die nie-besitters en ongeskoole loonarbeiders. Daarby was Afrikaans ook 'n vreemde en geïgnoreerde taal in die breë stedelike samelewning.

Die armoede van die Afrikanergemeenskap en sy agterstand in die beroepslewe het in regstreekse verband met mekaar gestaan. Die Afrikaner se agterstand in die beroepslewe het sy gevoel van minderwaardigheid verstrek. Die grootste beroepsgroep onder Afrikaners in die stede was dié van ongeskoole en mindergeskoolde arbeiders. Dit was vir die Afrikaner gevvolglik moeilik om hom in die stad te laat geld. Tog sou die Afrikaner in Port Elizabeth hom teen alle verwagtings in as 'n aparte taal- en kultuurgroep bly handhaaf.

### ENDNOTE

- \* Gebaseer op 'n referaat gelewer by 'n Geskiedeniskonferensie op 24.9.1992 by die Port Elizabeth kampus, Vista Universiteit. Die tema was: "Port Elizabeth's Place in South African History and Historiography."

- Vir meer besonderhede oor die geskiedenis van die Afrikaner in Port Elizabeth kyk H.O. Terblanche, *Die Afrikaner in Port Elizabeth, 1902-1937: 'n Kultuurhistoriese ondersoek* (D Phil, UPE, 1993).
1. G. Baines, "The Historiography of Port Elizabeth", *Looking Back*, Maart 1987, pp. 14-19.
  2. G. Baines, "Port Elizabeth's Place in South African Historiography" Paper presented to the Eastern Cape Historical Organisation Conference, King William's Town, 13.4.1991.
  3. A.J.J. Troskie, *The musical life of Port Elizabeth, 1875-1900*. Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling, UPE, 1970.
  4. E.C. van Niekerk: *Die Geskiedenis van die Port Elizabeth se Museumkompleks, 1956-1975*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1979.
  5. H.E. Steenkamp: *'n Volledige inventaris van pyporrels in Port Elizabeth*. Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling, UPE, 1990.
  6. R. Benadie, *The Port Elizabeth Library, 1848-1904*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1977.
  7. Die manuskrip, "Bethelsdorp, 1828-1945: Van Sendingstasie tot Stadsperiferie", word tans gedruk deur die Publikasiekomitee van die UPE. Die outeur is A. Appel.
  8. P.P. Jacobs en H.C. Pauw (reds.), "Die Chinese Gemeenskap van Port Elizabeth", Instituut vir Beplanningsnavorsing, UPE, 1989. Hierdie was 'n volkekundige ondersoek.
  9. J.G. Nel, *Die Geografiese impak van die Wet op Groepsgebiede en verwante wetgewing op Port Elizabeth*, Instituut vir Beplanningsnavorsing, UPE, 1988.
  10. A.J. Christopher, "Race and Residence in Colonial Port Elizabeth", *South African Geographical Journal*, 69, (1), 1987.

11. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*. Ongepubliseerde D. Phil.-proefschrift, US, 1940.
12. H.G.J. Lintvelt, *Die Geskiedenis van Afrikaanse Moedertaalonderrig in Port Elizabeth, met besondere verwysing na die tydperk 1907-1959*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, US, 1959.
13. J.J. Roodt, *Die Port Elizabethse Konsentrasiekamp, 1899-1902*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1990. Kyk ook M.J. Swart en J.J. Roodt, "Die Port Elizabethse konsentrasiekamp, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1992, 6(2), pp. 75-85.
14. A. Joubert, *Port Elizabeth tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1985.
15. Dit het in 1985 verskyn as deel van die Universiteit van Port Elizabeth se publikasiereeks.
16. C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide* (Kaapstad, 1990).
17. S. Fouché, 'n Vergelyking tussen die menings in redaksionele hoofartikels van *Die Oosterlig* en *die Eastern Province Herald* en opsigte van enkele sosio-politieke twispunte van 1948 tot 1961 uitgespreek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1989.
18. C.J. Wilken, *The Eastern Province Herald and Die Oosterlig on the Coloured Community*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1991.
19. S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad Stellenbosch*, 1946); P.J. Rootman, "Blanke Migrasie na Port Elizabeth", 1900-1979. *Die Suid-Afrikaanse Geograaf*, September 1988/April 1989, pp. 68-80.
20. H.O. Terblanche, *Die Nederduitse Gereformeerde kerk in Port Elizabeth – 'n Historiese Oorsig van die eerste Halfeeu, 1907-1957*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1973.
21. H.O. Terblanche, *John Vorster: O.B.-Generaal en Afrikanervegter*, Roodepoort, 1983.
22. H.O. Terblanche, *Louisa Meyburgh: Heldin van die Stad*. (Port Elizabeth, 1986). Kyk ook *Historia*, 24(2), 1079 en *Historia* 25(1), 1980.
23. H.O. Terblanche, "Die Trek van die Afrikaner na Port Elizabeth", *Historia*, *Historia*, 22(2), pp.90-107.
24. M. Swart, H.O. Terblanche en T. Rautenbach, *Die Piet Retief-Monument en -Feesterrein van Port Elizabeth, 1938-1990*. (Port Elizabeth, 1990).
25. H.O. Terblanche, *N.G. Gemeente Sydenham, Silver Jubileeum, 1946-1971*; H.O. Terblanche, *N.G. Gemeente Port Elizabeth-Sentraal, Halfeeu fees, 1928-1979*; H.O. Terblanche (medeskrywer), *Laerskool Excelsior, 1930-1980* en H.O. Terblanche, *N.G. Gemeente Port Elizabeth-Wes – Halfeeu fees, 1940-1990*.
26. *Debates of the Senate*, 1915-1916. Die Minister van Landbou het hierdie opgawe op 15.3.1916 verstrek.
27. *De Burger*, 17.3.1916 en 5.4.1916.
28. *De Burger*, 14.5.1920; *Eastern Province Herald*, hoofartikel, 6.8.1920.
29. *Eastern Province Herald*, hoofartikels, 14.5.1926, 21.1.1927, 1.5.1927; *Port Elizabeth Advertiser*, 27.6.1928.
30. *Eastern Province Herald*, 4.1.1932; *Port Elizabeth Advertiser*, 6.1.1932.
31. *Eastern Province Herald*, 21.7.1933.
32. Kyk die Statistiek van Fabrieke en Produserende Nywerhede in die Unie vir die betrokke jare. Die volgende industriële sensusse kan geraadpleeg word: U.G. No. 51-1918, U.G. No. 48-1921, U.G. No. 35-1926, U.G. No. 44-1930, U.G. No. 31-1935, N.G. No. 39-1939.
33. Kyk die industriële sensusse vir die betrokke jare.
34. *The Industrial Facilities and Advantages of Port Elizabeth*, 1917, pp. 61-67.
35. U.G. No. 48-1921, *Statistics of Factories and Productive Industries in the Union for the year 1919-20*.
36. *Port Elizabeth Advertiser*, 8.9.1920, 8.4.1922, 1917.1922; *Eastern Province Herald*, 21.11.1929.
37. Fred Schnetler, *Ford: Yesterday, today and tomorrow* (Pretoria, g.d.), p.98; *Port Elizabeth Advertiser*, 28.11.1923 *Eastern Province Herald*, 6.11.1923, 12.5.1925.
38. *Eastern Province Herald*, 30.7.1926, 11.12.1926, 12.1.1927, 18.6.1927, 6.8.1927, 13.8.1927, 8.9.1928, 6.10.1928, 23.3.1929, 4.5.1929. Kyk ook Eric Rosenthal, *The Rolling Years: Fifty years of General Motors in South Africa*, 1926-1976 (g.p., g.d.), pp. 32-35, 70.
39. RA 2/3, *Onderwijs Verslagen*, 1914-1916; RA 2/4, *Onderwijs Verslagen*, 1917-1918; RA 2/5, *Onderwijs Verslagen*, 1920-1921.
40. S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, pp. 250-259.
41. Carnegiekommissie: *Verslag oor die armlanek-vraagstuk in Suid-Afrika* (Stellenbosch, 1932); J.R. Albertyn, "Die Armlanek en die Maatskappy", p.20; R.W. Wilcocks, "Die Armlanek", pp.128, 136; J.F.W. Grosskopf, "Plattelandsvarming en Plaasverlating", pp. 205-206, 218.
42. P. du Toit (red.), *Verslag van die Volkskongres oor die Armlanekvraagstuk gehou te Kimberley*, 2-5.10.1934 (Kaapstad, g.d.), p.113. Kyk ook *Eastern Province Herald*, 13.10.1934.
43. U.G. No. 11, 1933, Bevolkingsensus, 1931; U.G. No. 21, 1938, Bevolkingsensus, 1936.
44. F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge* (Pretoria, 1974), pp.136-137; F.A. van Jaarsveld, *Stedelike Geschiedenis as Navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse Historikus* (Johannesburg, 1973), p.16.
45. S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad* (Stellenbosch, 1946), pp.123-126.
46. C.G.W. Schumann, *Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner* (Bloemfontein, 1940), pp. 101-102.
47. S. Pauw het ook die gevolgtrekking gemaak dat die getal Afrikaners in Port Elizabeth tussen 1904 en 1936 die vinnigste toege neem het van al die stede in die land. Kyk S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, pp. 126-127.
48. F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge* (Pretoria, 1974), pp.136-137; F.A. van Jaarsveld, *Stedelike Geschiedenis as Navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse Historikus*, p.16.
49. H.O. Terblanche, "Die trek van die Afrikaner na Port Elizabeth" (*Historia*, September 1977, pp. 90-107); N.G. *Gemeente Port Elizabeth-Wes, Halfeeu fees, 1940-1990*, pp.8, 10. Kyk ook P.J. Rootman, "Blanke Migrasie na Port Elizabeth, 1900-1979" *Die Suid-Afrikaanse Geograaf*, September 1988/April 1989, pp.68-80.
50. *Eastern Province Herald*, 27.9.1921 en 29.9.1921.
51. *Eastern Province Herald*, 13.10.1921, 8.11.1921, 14.4.1922, 10.11.1922.
52. *Eastern Province Herald*, 3.12.1926.
53. *Eastern Province Herald*, 8.7.1925.
54. *Eastern Province Herald*, 29.7.1930, 12.8.1930, 22.8.1930, 1.10.1930, 17.3.1931 (brief van "Unemployed", Sidwell); *Port Elizabeth Advertiser*, 30.7.1930, 13.8.1930, 18.10.1930, 12.11.1930, 6.12.1930, 24.1.1931.
55. *Eastern Province Herald*, 11.1.1933, 12.1.1933, 27.1.1933; *Port Elizabeth Advertiser*, 11.1.1933, 28.1.1933.
56. *Eastern Province Herald*, 11.4.1932, 12.4.1932, 16.4.1932, 18.4.1932, 19.4.1932; *Port Elizabeth Advertiser*, 20.4.1932, 20.4.1932, 11.5.1932. Werkloosheid en uiterste armoede het baie Afrikaners tot die bedelstaat gebring. Kyk H.O. Terblanche, *Louisa Meyburgh: Heldin van die Stad* (Port Elizabeth, 1986), pp. 29-32.
57. *Eastern Province Herald*, 18.6.1932, 25.6.1932, 28.6.1932; *Port Elizabeth Advertiser*, 18.6.1932, 29.6.1932.
58. *Eastern Province Herald*, 20.4.1932, 28.4.1932, 30.4.1932, 5.5.1932, 10.5.1932, 31.5.1932, 8.6.1932, 13.6.1932, 15.6.1932, 28.6.1932, 2.7.32, 16.8.1932, 29.1932, 3.9.1932; *Port Elizabeth Advertiser*, 8.6.1932, 29.6.1932.

59. *Eastern Province Herald*, 27.10.1933, 5.8.1933, 29.8.1933, 26.4.1934, 5.9.1935; *Port Elizabeth Advertiser*, 16.8.1933.
60. A.J. Christopher, "Race and Residence in Colonial Port Elizabeth" *South African Geographical Journal*, vol. 69, No., 1987. p.14.
61. The Municipality of the City of Port Elizabeth, Report of the Medical Officer of Health, 1921.
62. De Burger, 6.5.1919; RA 1/10, Godsdienst Verslagen (1920-1921); RA 1/11, Godsdienst Verslagen (1922-1923); U.G. 4-1920, Report of the Housing Committee appointed by the Minister of Public Works.
63. *Eastern Province Herald*, 14.5.1921: "The Health of the City - Evidence of Heavy Overcrowding."
64. *Eastern Province Herald*, 15.8.1925; *Port Elizabeth Advertiser*, 15.8.1925.
65. *Eastern Province Herald*, 15.8.1925.
66. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*, 1940, p.351.
67. The Municipality of the City of Port Elizabeth, Report of the Medical Officer of Health. For the year ending 30th June, 1928.
68. Report of the Medical Officer of Health. For the year ending 31st December, 1930.
69. D.C.L. Tonkin, "Welfare of Girl Workers: An Experiment in Vocational Hostels", *The Social and Industrial review*, Junie 1926, pp. 414-417; *Eastern Province Herald*, 14.1.1924, 19.1.1925, 28.2.1925, 4.3.1925, 20.3.1925, 5.5.1926, 21.1.1928; *Port Elizabeth Advertiser*, 19.12.1923, 4.5.1927, 14.12.1927, 25.1.1928, 28.9.1929, 22.7.1933.
70. U.G. No. 20-1938, Department of Public Health, Report of the Central Housing Board, for the calender year ending 31st December, 1937.
71. The Municipality of the City of Port Elizabeth, Annual Report of the Medical Officer of Health. For the year ending 30th June, 1929.
72. Skoolraadsnotules (SRN), Lëer No. 8 (5.6.1908-16.10.1909); Superintendent-General of Education SGE – 1910, No. 1/908, Miscellaneous Letters received; SGE-1911, No. 1/1006, Miscellaneous Letters received; RA 2/2, Onderwijs Verslagen, 1910-1912; SRN, Lëer No. 12 (22.11.1910-22.6.1912); SGE-1913, No. 1/1196, Miscellaneous Letters received; SGE-1914, No.1/1300, Miscellaneous Letters received; SGE-1915, No. 2/411, Inspection Reports.
73. *Eastern Province Herald*, 19.7.1913.
74. *Eastern Province Herald*, 20.6.1919.
75. De Burger, 16.5.1917; *De Kerkbode*, 24.5.1917; RA 1/9, Verslagen van den Staat van Godsdienst (1917-1918).
76. S. Pauw. *Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, pp.250-259.
77. Die municipale grenslyn van Port Elizabeth is in 1931 uitgebrei om onder meer Korsten in te sluit. Kyk Province of the Cape of Good Hope, Ordinance No.3 of 1931. "Port Elizabeth Municipal Extension Ordinance, 1931". Vir 'n vroeë geskiedenis van Korsten, kyk A. Appel, "Plakkies, Pokkies en Plaaslike Regering in Port Elizabeth: 'n Dokumentêre Beeld, deel I: Korsten, 1903 en 1905", *Looking Back*, April 1986; A.J. Christopher, "Race and Residence in Colonial Port Elizabeth" *South African Geographical Journal*, 69(1), 1987.
78. Report of the Port Elizabeth Municipal Boundaries Extension and Re-Distribution of Wards Commission, 1927.
79. *Eastern Province Herald*, 2.12.1936.
80. *Eastern Province Herald*, 5.6.1936: "A Crowded Area". Kyk ook *Eastern Province Herald*, 16.10.1926: "Appalling Conditions - Europeans herding with Coloureds", brief, 2.8.1930; *Die Burger*, 10.10.1924: "Wit meisies by Koelies," 31.5.1929: "Afrikaners wat verkaffer – Besoek aan Agterbuurtes"; U.G. No.18-1936, Dept. of Public Health, Report of the Central Housing Board, for the calendar year ended 31st December, 1935.
81. Port Elizabeth Advertiser, 22.8.1925; The Municipality of the City of Port Elizabeth, Annual Report of the Medical Officer of Health. For the years ending 30th June, 1928 and 1929.
82. Report of the Medical Officer of Health. For the year ended 31st December, 1930; Report of the Medical Officer of Health. For the year ended 31st December, 1932; *Eastern Province Herald*, 17.8.1931.